2) *'Moenie...'n reissak [saamvat] nie'* - **geen ekstra bagasie nie!** God se Woord sê: *'...kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik 'n houvas op 'n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus, die Een op Wie ons geloof vanaf die wegspring tot by die eindstreep steun.'* (Hebreërs 12:1(b) NLV).

Wát ook al jou aandag aftrek, kan jou beïnvloed, en wát ook al jou aandag hou, kan jou bemeester. Satan wil jou keer om jou Goddelike opdrag uit te voer; dus moet jy jou fokus behou!

3) *'Moenie enigiemand langs die pad groet nie'* - **moenie tyd mors nie!** Enige verhouding wat nie tot jou eindbestemming bydra nie, moet bevraagteken word. Paulus was onwrikbaar hieroor: *'...as mense nie ons opdragte in hierdie brief gehoorsaam nie, identifiseer hulle. Vermy hulle...'* (2 Tessalonisense 3:14 NLV).

Dit is reeds laat en die nood is groot. Lank gelede, in sekere landelike gebiede van Amerika, is die skole vir 'n aantal weke wanneer dit oestyd was, gesluit, en almal het gehelp om die oes in te bring. Waarom? **DIE OES KAN NIE WAG NIE!**

*[Ingestuur deur Rudi Enslin].*




Pick n Pay
Inspired by you
Van der Hoffpark Potchefstroom
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131



Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

# SY LEWENSRESEP

Iemand klop saggies en versigtig aan die agterdeur van die kombuis. Verbaas kyk ek en die Mooiste Mooi (my vroutjie) vir mekaar, want dit is heel ongehoord dat iemand so laat op 'n Saterdagmiddag sal aanklop. Verwese staan die bruin vroutjie daar met oë, wat nes haar se skouers, grondlangs kyk.

"Middag jong," groet ek vriendelik. Ek wil-wil haar koggel, maar hou my in want haar se oë bly verslae grondlangs kyk.

"Is Mevrou dan hier, Pastoor?" vra sy so half binnensmonds en skielik besef ek dat stilbly nou die regte ding is. 'n Swaar saak het loop nesskop in haar se binnestebinne en druk haar se skouers en hart vas teen die grond.

"Mevrou, daar is niks om te eet by die huis nie. Nie broodmeel nie, nie oorskietkossies nie, niks nie Mevrou, niks nie. Ek het nou maar die vrymoedigheid gevat en kom vra, want die ander sal my tog net verjaag. Is hier nie dalk ietsie kleins vir my en my Felicity se binnegoed nie?" hoor ek haar koeskop sê.

Hierdie woorde slaan die Mooiste Mooi diep in die hart en sy laat haar se kop in stilte sak en draai terug die kombuis in. Groot traandruppels vorm diep in haar se sagte, groen oë terwyl sy saggies begin snik. Ek trek haar nader onder my se blad in en saamsaam staan ons daar terwyl smeektrane breë spore op onse gesigte los. Verslae tot in onse gebeente staan ons styf teen mekaar, want 'n aaklige realiteit martel ons genadeloos daar waar dit saak maak. Die realiteit van slegs twee blikkies "Bully Beef" op ons spensrak en verder niks, absoluut niks. Die werklikheid van 'n naweek met net 'n blikkie vleis per dag om te eet en verder dan niks. Daar is ys in die vrieskas en in die yskas staan bottels en bottels koue water, maar op die kosrak pryk slegs twee rooi blikkies "Bully Beef" eensaam en verlate. Ons enigste kos totdat ons weer die komende Maandag hopelik kan kry of aankoop.

As gestuurdes wil ons so graag hierdie sukkelaar help, maar ons het nie eens genoeg vir onsself nie. "Here, hoe kan ons hierdie vergete vrou en haar kind dan help as ons nie eens genoeg het vir onsself nie?" pleit ek saggies. "Dis mos nie regverdig nie Here, U is dan 'n God van oorvloed, en U het gesê dat ons kosskottels nooit leeg sal wees nie," wil-wil ek Hom begin afdreig.

Met die Mooiste Mooi steeds onder my se blad steek ek hoopvol my hand uit na die yskas. Versigtig word die deur oopgemaak en ek hoop om meer as net bottels koue water te sien. Ek hoop op 'n wonderwerk van 'n vrieskas oorlopens toe vol met bevrore vleispakkies en 'n yskas wat kreun in oorvloed. Teleurstelling oorspoel my soos 'n vloedgolf, want steeds is die yskas leeg. Tog bly hoop bestaan, want Hy het mos eenmaal duidelik gesê dat ons kosskottel en waterbekers nooit leeg sal wees nie. En so onthou die Mooiste Mooi weer stukkies van Sy Lewensresep:

"Meer gee en minder vra.

.........

Ken 'n boom aan sy vrugte en nie sy blare, want dis My se binnekantsnare."



Woordeloos kyk ons vir mekaar. Dan draai die Mooiste Mooi haarself onder my se blad uit. Sy gaan staan voor die amperse leë kosrak en vat 'n blikkie vleis in elke hand vas.

"Here, U het mos gesê," sê sy terwyl sy doelgerig kombuisdeur toe stap om vir die eensame ons laaste stukkie kossigheid te gaan gee.

Vroeg Sondagoggend is daar weer 'n klop aan die kombuisdeur. Dié keer egter 'n klop vol selfversekerdheid, 'n klop wat dadelik aandag eis. Verbaas maak ek die deur oop en kyk die groot Kalahari-boer verras in die oog. Ek wou nog groet toe hy verskoning vra vir sy haastigheid terwyl hy die oorvol slagskottel met skaapvleis in my se hande druk, omdraai en wegstap. Stil, verstom staan ek daar terwyl hy kop omhoog, al fluitende, om die hoek van die huis wegraak. Dan onthou ek wéér Sy Lewensresep gefluister gistermiddag voor ons leë kosrak:

*"Meer dank en minder kla, meer gee en minder vra*
*Meer doen en minder praat, meer liefde en minder kwaad*
*Meer vreugde en minder vrees, meer musiek wat spanning genees*
*Meer blomme in die lewensuur as om helderkleurige ruikers na die graf te stuur*
*Ken 'n boom aan sy vrugte en nie sy blare, want, dis My se binnekantsnare."*

*- Die Kalahari Cronjé's (Landlyn 054 551 1000).*

Here, soms is die pad vol dorings, maar ek weet U sorg vir skoene aan my voete. Soms is die opdraande steil, maar ek weet U maak my pad gelyk. Soms raak my bene moeg, maar ek weet U gee my weer nuwe krag. Dankie vir U liefde en sorg, Heer. Dis U wat my deur alles dra, keer op keer!

# EACH STEP I TAKE...

*Each step I take*
*my Saviour goes before me*
*And with His loving Hand*
*He leads the way*
*And with each breath*
*I whisper*
*"I adore Thee"*
*Oh, what joy*
*to walk with Him each day!*

*At times I feel*
*my faith begins to waver*
*When up ahead*
*I see a chasm wide*
*It's then I turn*
*and look up to my Saviour*
*I am strong*
*when He is by my side...*

*I trust in God*
*no matter come what may*
*For Life eternal*
*is in His Hand*
*He holds the key*
*that opens up the way*
*That will lead me*
*to the Promised Land!*

*Each step I take*
*I know that He will guide me*
*To higher ground*
*He ever leads me on*
*Until some day*
*the last step will be taken*
*Each step I take*
*just leads me closer Home...*
*- W Elmo Mercer*



# Die Handdruk

Wat beteken 'n vriendelike woord of warm handdruk van 'n medemens tog nie vir jou as jy met die een of ander moeilikheid worstel nie? In sulke omstandighede is opregte belangstelling en 'n gebaar van meegevoel dikwels vir 'n mens van meer waarde as die gulhartigste materiële aanbiedinge.

Ek dink in hierdie verband aan drie treffende gebeurtenisse wat waarskynlik aan baie van ons bekend is.

Paulus moes ontsettend eensaam gevoel het toe hy ná sy bekering tot die Christelike geloof in die Siriese stad Damaskus aangeland het. In Jerusalem was hy 'n man van aansien, 'n aristokratiese Jood, 'n Hebreër uit die Hebreërs. Nou breek hy met sowel dié prestige as sy vroeëre vriende. Hy stap Damaskus binne sonder 'n vriend. By niemand kan hy aanklop om hulp en raad nie - die Christene by wie sy toekomstige tuiste sou wees, was nog bang vir hom en bejeën hom met agterdog.

Sonder 'n vriend in die wêreld, eensaam, en met 'n onbekende toekoms voor hom. Juis op hierdie donker tydstip daag Ananias, die leier van die Christelike gemeenskap van Damaskus, by hom op. Hy lê sy hand op Paulus en sê vir hom: *"Saul, broeder..."* (Hand. 9:17). Wie kan bereken wat hierdie aanraking, dié broedergroet vir Paulus beteken het en watter bydrae dít gelewer het tot die ywer waarmee hy later die Evangelie na verafgeleë gebiede gedra het?

In die lewe van Luther gebeur daar iets dergeliks. Hy moet voor die Ryksdag van Worms verskyn. Dit is 'n krisisuur vir die Hervorming, en 'n uur waarin Luther alleen die stryd vir waarheid en vryheid moet voer teen die magtige Rooms-Katolieke Kerk.

En toe, net voordat hy die vergadering sou binnestap, kom daar iemand by hom staan wat vir hom tot groot onderskraging was: die gevierde ou generaal Frundsberg. Hy sit sy hand op Luther se skouer, en sê: "My arme monnik! My klein monnik! Jy is besig om 'n stryd te begin wat groter is as al die gevegte waarin ek en my helde betrokke was. Gaan voort in die Naam van die Here, en hou goeie moed: God sal jou nie verlaat nie!"

'n Hand op sy skouer, 'n bemoedigende woord... Wie kan sê wat dít vir Luther beteken het, watter bydrae dit gelewer het tot die Beweging wat die loop van die geskiedenis verander het?

Van Tolstoi word vertel dat hy eendag 'n bedelaar in die strate van Moskou raakgeloop het. Die arme man was koud en honger, en in sy ellende het hy sy lelike, growwe



hande bedelend uitgesteek.

Tolstoi het gaan staan, en sy sakke deursoek na 'n geldstukkie. Hy het ongelukkig niks by hom gehad nie. Met opregte meegevoel sit hy toe maar sy hand op die skouer van die bedelaar en sê: "Ek is jammer broeder, maar ek het niks by my nie." "Toemaar broeder," was die ou bedelaar se antwoord, "ek dank jou. Hierdie is ook 'n geskenk."

Tússen ons, en náby ons, is daar mense wat alléén staan. Sommige staan alleen in hul stryd teen die sonde. Ander is eensaam op die pad van beproewing en lyding. Baie gaan gebuk onder die verantwoordelikhede wat vir hulle opgelê is.

Laat ons onthou: Daar is krag in 'n vriendelike woord! Daar is 'n boodskap in 'n handdruk!

*"...Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou..."* (Hand. 3:6).

*[Uit: 'n Handdruk in die Herfs, Dr. HJ Piek, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad].*

# Teardrops to Diamonds

God says to burden bearers: *"When all kinds of trials and temptations crowd into your lives, don't resent them as intruders, but welcome them as friends!"* (James 1:2). Jesus said, *"Blessed are you when people revile you and persecute you..."* (Matt. 5:11). Why does He say that? His answer: *"Your reward is great in heaven"* (Matt. 5:12).

Regardless of the reward, is this not asking *too* much? To extend a glad hand of welcome to trials and tribulations? To rejoice under revilings and persecution? Ordinarily, people do the opposite. They resent adversities. They grumble about getting what they call a "raw deal".

Some try to cover their pain with bravado. They put on a grin-and-bear-it stance. They dismiss every adversity as "just one of those things". We are perhaps safe in saying that most people do not respond to trials and tribulations as God directs. They show no interest or intent to derive benefits from painful experiences. For that they are much poorer. Their sorrows are wasted. God's intent is unrealized. Potentials of rich blessings are forfeited. Jesus' promise of a great "reward in heaven" is voided.

Believers have a different attitude toward cross-bearing. They know that *"[God] may bring us sorrow, but His love for us is sure and strong. He takes no pleasure in causing us grief or pain"* (Lamentations 3:32-33 TEV).

What God allows in the lives of His children - bitter tears and heartbreak experiences - isn't easy to understand. But what God does with what He allows, always makes good sense. He turns it all for good!


Paul attached great meaning and dignity to Earthly trials, knowing what they would bring: *"Whatever we may have to go through now is less than nothing compared with the magnificent future God has planned for us"* (Romans 8:18, Phillips Translation).

Tears are bearable when we know that God transforms them into diamonds. This He promised: *"God will wipe away tears from all faces"* (Isaiah 25:8), and *"They that sow in tears shall reap in joy"* (Psalm 126:5).

Tears are liquid anguish. They speak a language God understands: *"The Lord has heard the sound of my weeping"* (Psalm 6:8). God will remember them: *"Put Thou my tears in Thy bottle! Are they not in Thy book?"* (Psalm 56:8).

Believers consider not only what they are going through but what they are going to! Jesus said, *"You will be sorrowful, but your sorrow will turn into joy"* (John 16:20). Like a clock that keeps on ticking in the thunderstorm, faith remains constant. We know what the outcome is - eternal joy in heaven!

*[Teardrops to Diamonds, Carl W Berner, Augsburg Publishing House, 1983].*



# My Message to the World...

*God says: My Church is the book that I am writing, and the whole world is about to read it. Until now, the world has wanted to read the book that the evil one has written about My Church, but soon I will release MY book.*

*I am about to release My last-day apostles. I will have many like Paul, John, Peter and the others. To prepare them, I am sending many like John the Baptist who will teach them devotion to Me and lay the foundation of repentance in their lives.*

*The apostles will also be like John the Baptist. Just as the chief joy of John's life was to hear the Voice of the Bridegroom, these will have one devotion - to see My bride made ready for Me. Because of this, I will use them to build highways through the wilderness and rivers through the deserts. They will bring down the high places and raise up the lowly.*

*I am about to release My last-day prophets. They will love Me and walk with Me, even as Enoch did. They will demonstrate My power and prove to the world that I am the One true God. Each will be a pure well from which only living water flow. At times, their water will be hot for cleansing; at times it will be cold for refreshing.*

*I will also give them lightning in one hand and thunder in the other. They will soar like eagles over the earth, but they will descend upon My people like doves because they will honour My family.*

*They will come upon cities like whirlwinds and earthquakes, but they will give light to the meek and lowly.*

*I am about to release My last-day evangelists. I will give them a cup of joy that will never run out.*

*They will heal the sick and cast out devils; they will love Me and love righteousness; they will carry their crosses every day, not living for themselves but for Me. Through them, the world will know that I live and that I have been given all authority and power.*

*These are the fearless ones who will attack the gates of the enemy and raid the dark places of the earth, leading many to My salvation.*

*I am about to release shepherds who will have My heart for the sheep. These will feed My sheep because they love Me. They will care for each of My little ones as if they were their own, and they will lay down their own lives for My sheep. This is the love that will touch men's hearts - when My people lay down their lives for one another. Then the world will know Me.*

*I have given these choice food to serve My household. These are the faithful ones that I will trust to watch over My Own house.*

*I am about to release My last-day teachers upon the earth. They will know Me and teach My people to know Me. They will love the truth. They will not retreat before the darkness, but they will expose it and drive it back. They will unstop the wells that your fathers dug, and serve the pure waters of life...*

*[The Call, Rick Joyner, MorningStar Publications, 1999].*

# THE FIRST CHRISTIAN MARTYR

*And they stoned Stephen as he was calling on God and saying, 'Lord Jesus, receive my spirit.' Then he knelt down and cried out with a loud voice, 'Lord, do not charge them with this sin.' And when he had said this, he fell asleep* (Acts 7:59-60 NKJV).

**If Christ lives in you, then He can love in you and through you.** You too can forgive injuries, pray for your enemies, and make every allowance for their wickedness. The first man ever to die for Christ was Stephen. Our reading of Acts 6-7 makes it clear that he was unjustly murdered. But Christ lived in him. His last words were a magnificent echo of Calvary: *"Lord, do not charge them with this sin."*

Remember, Stephen was stoned to death. Imagine how painful that must have been! One by one the stones pounded the life from his body, but though they battered the life out of him, they could not batter the love out of him! Like his Lord, he kept on loving to the end. Christ was on his mind up until his last moments. *"Lord,"* he said, *"do not charge them with this sin."* The chapter ends with a lovely sentence: *"And saying this, he fell asleep."* But don't let these words lead you to think that there was no hurt, no pain, no physical agony. He would have felt it all; you can be certain of that. But the love of Christ poured into him and through him, and, taken up with HIM in his heart and mind, his soul was taken up to be with HIM…

As an afterthought: A man named Saul agreed with putting Stephen to death. In fact, he stood holding the clothes of those who threw the stones. He was *"ravaging the church, and he would enter house after house, drag off men and women, and put them in prison"* (Acts 8:3). Later, as he travelled to Damascus, still breathing threats and murder against the disciples of the Lord, Jesus revealed Himself to him and asked him, *"Saul, Saul, why are you persecuting Me?"* (Acts 9:4). Jesus identified Himself with the martyrs!

Are you a Stephen (who loved and forgave his enemies) or a Saul (who ravaged people) and unknowingly also Jesus at the same time?

However, after Saul's conversion and later becoming Paul, an apostle of the Lord Jesus Christ, he wrote to the Philippians: *"Let this same attitude and purpose and [humble] mind be in you which was in Christ Jesus: [Let Him be your example in humility:] Who, although being essentially one with God and in the form of God [possessing the fullness of the attributes which make God GOD], did not think this equality with God was a thing to be eagerly grasped or retained, but stripped Himself [of all privileges and rightful dignity], so as to assume the guise of a servant (slave), in that He became like men and was born a human being. And after He had appeared in human form, He abased and humbled Himself [still further] and carried His obedience to the extreme of death, even the death of the cross!"* (Phil. 2:5-8, Amplified Bible). *-Selected*

# Iemand wat My Vashou

**(Lees Jesaja 41:8-14).**
***"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende regterhand"*** **(Jesaja 41:10).**

**Daar word vertel dat 'n bejaarde ou moeder die gewoonte gehad het om gedurende die nag na haar dogter te roep: "Is jy daar?"**
**"Ja moeder, ek is hier. Ek sal nie weggaan nie."**
**"Nee, dis alles reg, my kind. Ek wou maar net seker maak."**
**Ek wou maar net seker maak.**
**Dit is dié sekerheid waarna ons almal dikwels soek - ek wil aan iemand vashou.**
**Ek wil weet dat ek vasgehou word.**
**Wonderlike wete! Die Here gee my daardie sekerheid in Sy Woord:** ***"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God..."***

**'n Vader en sy seuntjie stap een nag deur 'n donker woud. Die klein handjie hou die vader s'n baie styf vas.**
**"Is jy bang, my kind?"**
**"Nee, nie as Pappa by my is nie," kom die antwoord.**
**Kind van ons Hemelse Vader, jou Vader is by jou! Moenie eensaam en onrustig wees nie. HY hou jou hand vas!**
**Hy het gesê:** ***"Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie"*** **(Hebreërs 13:5).**
***[Uit: As die las swaar word, Ds. WJ Bergh, NG Kerk-Uitgewers,1980].***

# 'n Reddingstou



Gebed is 'n Christen se reddingstou. Dit is wedersydse kommunikasie tussen mens en God en verg van hom / haar om met Hom te praat, maar óók om na Hom te luister.

Hierdie kommunikasie geskied nie net sommige tye van die dag of voor maaltye nie. Gebed is 'n "oop" kommunikasielyn waardeur God en Sy kinders elke dag en elke nag te eniger tyd met mekaar kan praat.

Die Bybel leer ons dat Daniël die gewoonte gehad het om drie keer op 'n dag te bid (Daniël 6:11). Sy volk en hy was vir jare in 'n vreemde land in ballingskap. Tog het hy sy gebedsverhouding met God in stand gehou. Ons lees slegs van 'n paar uitsonderlike dinge wat met hom gebeur het, maar dink 'n bietjie daaraan hoe oud hy geword en hoe geweldig sy invloed in 'n vreemde koninkryk was. Die onderskeie konings en hulle volgelinge was nie Christene nie en baie van sy Joodgenote het die Here ook nie volhardend gedien nie. Daar was dae en selfs maande wat dit ook vir hom moes gelyk het asof niks gebeur nie. Tog het hy volhard om te bid en die Here te dien. Daarom het die Here hom uitermate verhoog en gebruik - selfs tussen die heidene! **Moenie ophou bid wanneer dit lyk asof niks gebeur nie!**

Die Skrif toon vir ons aan dat Daniël se gebedslewe sy hele lewe en persoonlikheid beïnvloed het. Die koning het hom as wyser as enige van sy ander raadgewers beskou en hom in 'n posisie bó almal aangestel. Hy was getrou. Hy het 'n wonderlike gees van kennis en verstand geopenbaar en geen persoon kon iets in sy lewe vind waarna hulle 'n vinger kon wys nie!

Omdat Daniël in sy gebedsverhouding met God volhard het, was hy in staat om die koning se droom te verklaar en sodoende sy eie lewe en die lewens van die wyse manne van die koning te spaar. Die koestering van sy gebedslewe het ook strawwe toetsing deurstaan. Omdat hy geen kompromie wou aangaan nie, is hy in die leeukuil gegooi. Dit was egter net die geleentheid vir sy God om op die toneel te verskyn, die reddingstou uit te gooi, en hom met eer daar uit te haal!

*[Misleiding is vernietigend, Sharon Daugherty, VGU 2001].*

"Toe sê Jesus vir Sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? (Matt. 16:24-26).

"Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het" (Gal. 2:20).

"Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God" (1 Kor 1:18).



# "PAPPA, HOU OP!"

'n Pastoor van 'n plaaslike gemeente het sy assistent opdrag gegee om die Evangelie in 'n ou deel van die stad te gaan verkondig.

Die oomblik toe die eerste man met wie hy gesels, hoor van Jesus, was hy baie ontsteld en het die evangelis gevra om sy huis te verlaat.

'n Ruk later het die pastoor weer vir die jong evangelis gesê om na dieselfde huis te gaan en weer die Evangelie daar te gaan verkondig. Hy het dit gedoen en weer met die man oor Jesus gepraat. Hierdie keer het die man begin skree en vloek en gedreig om hom te slaan as hy dit sou waag om terug te kom.

Toe die pastoor hoor wat gebeur het, het hy vir die evangelis gevra om nog 'n laaste keer na dieselfde man te gaan. Die evangelis het eers geweier en gesê dat die man hom beslis sou slaan en miskien selfs sou doodmaak as hy sy gesig weer daar sou wys. Maar die pastoor was vasberade en het hom weer gestuur.

Hy het gegaan en op pad het hy geloop en bid. Die vorige twee kere het hy gebid dat God die harte van die mense met wie hy sou praat, moes oopmaak. Hierdie keer het hy gebid dat die Here hom moes beskerm. Hy het vir sy lewe gevrees!

Toe hy daar kom, het 'n vyfjaaroue dogtertjie by die hek gesit en speel. Hy het haar van die Here vertel, van die skepping en van Jesus Christus wat die Verlosser is.

Na 'n rukkie het die pa agtergekom wat aan die gang was. Hy het met 'n stok by die huis uitgestorm om die evangelis te slaan. Net toe hy hom wou slaan, het die dogtertjie uitgeroep: "Pappa, hou op! Moet hom nie slaan nie. Pa moet luister wat hy sê en van nou af elke Sondag kerk toe gaan."

Die pa het die stok laat val en begin huil. Sy dogtertjie was haar hele lewe deur doofstom en Jesus Christus het haar wonderbaarlik genees!

Die evangelis het nie van haar toestand geweet nie. Hy was net gehoorsaam aan die opdrag om die Evangelie aan die verlorenes te verkondig, al sou dit beteken dat hy geslaan en dalk doodgemaak word. Die hele gesin van sewe het tot geloof in Jesus gekom.
www.pioneers.org

**Die lewenswedloop is soms maklik en soms baie moeilik. Mag ons volhard met ons oog gevestig op Jesus wat by die wenpaal staan met die oorwinnaarskroon in Sy hand!**

Jer. 20:11
★★★ B&B
Uit die Hand van die HEER
KLERKSDORP
BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS
Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com